SÊ JOU SÊ!

# KONSEPSTRATEGIE OM SLAPERY IN ROWWE OMSTANDIGHEDE TE VERMINDER

Die Stad Kaapstad nooi openbare kommentaar uit oor die konsepstrategie om slapery in rowwe omstandighede te verminder.

**Die konsepstrategie beoog om die volgende uiteen te sit:**

- ’n omskrywing van haweloosheid en slapery in rowwe omstandighede (“rough sleeping”) om te verseker dat die Stad se administrasie en ander strategiese instrumente wat haweloosheid hanteer, eenvorming toegepas word
- die Stad se prosesse om “rowwe slapers” te identifiseer om die dienste en projekte te lewer wat in die geïntegreerde ontwikkelingsplan (IDP) goedgekeur is en binne die toegewese begroting
- die wyse waarop die Stad die verwysing en herintegrasie van “rowwe slapers” in gesinne, die gemeenskap en die samelewing sal steun
- die rolle en verantwoordelikhede van die onderskeie rolspelers in die Stad Kaapstad
- die Stad se verantwoordelikheid in die voorsiening van infrastruktuur vir veilige ruimtes, asook ’n verbintenis tot die Veilige Ruimtes-projek
- ’n verbintenis tot ’n koppelvlakmodel om samewerking tussen alle betrokke rolspelers in die sektor te verseker

Lede van die publiek in die Stad Kaapstad word uitgenooi om van 22 April 2024 tot 22 Mei 2024 kommentaar oor die konsepstrategie oor slapery in rowwe omstandighede by die munisipaliteit in te dien deur “rough sleeping” as verwysing te gebruik.

**Kommentaar, aanbevelings en insette kan op die volgende maniere ingedien word:**

- E-pos: Public.Participation@capetown.gov.za
- Skriftelike voorlegging: By subraadskantore
- Aanlyn: www.capetown.gov.za/haveyoursay

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense met gestremdhede en mense uit benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, help om hul kommentaar of insette neer te skryf en by die Stad in te dien. Bel asseblief 0800 212 176 vir bystand.

Die konsepstrategie kan besigtig word by www.capetown.gov.za/haveyoursay, by alle subrade en by alle Stadsbiblioteke dwarsoor Kaapstad.

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**CITY MANAGER**
CTA31/2024

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.